# DOMUS DEI NUUSBRIEF

UITGAWE 30/08/2026




## LIEFDE EN WAARHEID LOOP HAND AAN HAND

Waarheid wat ruimte maak vir liefde

Ons dink soms liefde beteken dat ons altyd moet toegee, alles moet verdra en nooit "nee" mag sê nie. Maar 2 Johannes wys vir ons dat ware liefde en waarheid nooit teenstanders is nie. Liefde sonder waarheid raak maklik ongesond: waarheid sonder liefde word koud en veroordelend. Wanneer waarheid en liefde saamloop, help dit ons om gesonde grense te stel—nie om mense uit te sluit nie, maar om dit wat goed, veilig en lewegewend is, te beskerm.

Komende Sondag ontdek ons hoe 'n baie kort Bybelbrief ons kan help met een van die moeilikste vrae in ons geloof en verhoudings: Wanneer moet ek my hart en deur oopmaak, en wanneer moet ek liefdevol maar beslis 'n grens trek? Gesonde grense is nie die einde van liefde nie. Dikwels skep dit juis die veilige ruimte waarin liefde eerlik, vry en voluit kan floreer.

## SONDAGPROGRAM

Erediens: 09:00 – Ds. Yolandi Kok
Tema: Groot waarhede in klein boeke
Teksgedeelte: 2 Johannes

Formasiegroepe:
Babaklas tot Gr.4 – Tydens erediens
Gr 5 – Belydenisklas: 10:00 – 11:00

## WEEKPROGRAM

2 September – Ekklesiapark Woensdag Oordenking 09:30
3 September – Bybelstudie 11:00
4 September – Manne Kuier 07:00
5 September – Vroue Kuier 08:00
6 September – Erediens 09:00

## VERJAARSDAE



**Kantoor ure**

Maandag -Vrydag
08:00-15:00

Skoolvakansies
09:00-12:00

**Kontak Ons**

Ds. Yolandi Kok
079 354 7902

Judit Kluever
072 367 4739

Marlé van Heerden
082 780 0160

Ingrid Harper
082 780 0160

www.domusdei.co.za

kantoor@domusdei.co.za

https://www.facebook.com/DomusDeiRS/

domusdeirandburgsuid

# DIE WEEK WAT WAS

## LERAARS IN GOUDINI

Ongeveer 700 predikante regoor die NG kerk het SAAM gekom by Gaudini Spa in die Wes Kaap. Die leraars is toegerus in 'n groot verskeidenheid van sessies.

Daar is nuwe musiek vrygestel wat spesiaal vir die SAAMKOMS geskryf is en dit was 'n besondere ervaring om saam met soveel mense die Here te aanbid.

Baie dankie vir die video boodskap wat die gemeente vir my gestuur het! Dit was die heel eerste video wat op die saamkoms gewys is!

Dankie ook dat julle my na die geskiedkundige SAAMKOMS gestuur het – dit was van onskatbare waarde!!

Yolandi







## LIG JEUGBAND BY EISTEDDFOD

Die Lig Jeugband het Donderdag 27 Augustus 2026 aan die Eisteddfod by HS Randburg se Musiek Magneetskool deelgeneem. Welgedaan julle, ons as Domus Dei is baie trots op julle.





# BELANGRIKE DATUMS



# BELANGRIKE DATUMS

## Street Food

Ons hou weer 'n Street Food Fees **28 Augustus 17:00 tot 20:00.** Neem die aand af en kom eet iets heerliks by Domus Dei, kuier saam met vriende en geniet die atmosfeer en musiek.




## Immergroen Braai



Alle lidmate bo 65 word uitgenooi na 'n braai op ons perseel, **Saterdag 29 Augustus, 11:00 - 14:00.**

RSVP deur asseblief die skakel aan die einde van die Nuusbrief te voltooi of bespreek per WhatsApp by 072 367 4739.

## Jeug Kuier

Ons Jeug word uitgenooi om **Saterdag 29 Augustus, 18:00 - 21:00** na 'n Bou 'n Burger kuier te kom.



Vir enige navrae kontak Ingrid by 082 780 0160.



## Weberbraaikursus

Saterdag **12 September 2026** kom ons almal weer bymekaar vanaf **09:00 tot 15:00** om 'n paar tegnieke van weber braai by te leer.

Indien jy nognie jou Weber bespreek het vir hierdie dag nie kontak Wilhelm by wilhelm@knowledgekr.co.za.

Hier is 'n terugblik op verlede jaar se Weber braai.















## Jeugdiens



Die laaste Jeugdiens van die jaar, met die tema "Glow Up", gaan **Sondag 13 September 2026 om 17:00** wees. Ons sien uit om al ons Gr. 7's tot Jong Volwassenes daar te sien.

# ADVERTENSIES UIT DIE GEMEENSKAP









# ADVERTENSIES UIT DIE GEMEENSKAP












# FINANSIES

## Digitale Bydraes

Weeklikse Kollekte

**Stappe op foon:**

- Laai SnapScan toep
- Laai bankkaart op toep
- Skandeer die relevante QR kode
- Volg aanwysings en maak betaling

Domus Dei
Randburg-Suid

Dankoffers

FNB

Rekeningnaam:
Domus Dei
Rekening nommer:
63009966227
Gold Business Rekening
Tak: Cresta

absa

Rekeningnaam:
NG Kerk Tvl. Randburg Suid
Rekening nommer:
170580028
ABSA Randburg:
505-750

RUT

Rut verleen hulp aan mense wat in nood verkeer
Randburg Uitreik Trust (RUT)
Bank - ABSA
Rek n - 4087031422
Verw - u naam